



Aansoekvorm: Kos- en Kunstalletjies

Uitstallingdatums: 27 Junie tot 29 Junie 2024

ALGEMENE VOORWAARDES EN REËLS VIR UITSTALLERS

1. OPENINGSDATUM: HIERDIE IS BAIE BAIE BELANGRIK!!!!

Aansoeke open 1 Januarie 2024. **Baie belangrik:** Klere en juwele gaan uiters streng beoordeel word. **Handvervaardigde klere- en juweelstalletjies** sal voorkeur trek. Om teleurstelling te voorkom, dien jou aansoek so spoedig moontlik in. Ons wil graag nuwe uitstallers ook die kans gun om deel te wees van Innibos. Alle aansoeke sal deur 'n keuringsproses gaan.

2. PLASING

Voorlopige plasings word gedoen soos en wanneer aansoeke ontvang word, maar Innibos hou die reg voor om enige stalletjie in belang van die fees te verskuif. Aansoekers sal deurlopend in kennis gestel word na mate aansoeke goed- of afgekeur word. Dit is dus belangrik om so **vroeg** as moontlik aansoek te doen om teleurstelling te voorkom. Geen stalletjie word toegelaat om sonder toestemming van plek te verwissel of met ander stalletjies uit te ruil nie!

3. EVALUASIE

Aansoeke moet van DUIDELIKE KLEURFOTO'S en VOLLEDIGE PRODUKBESKRYWING vergesel word. Daarsonder sal aansoeke nie oorweeg word nie.

- Die komitee sal voorkeur verleen aan **UNIEKE HAND- EN KUNSVERVERVAARDIGDE produkte** wat kreatiwiteit en oorspronklikheid toon. **Klere en juwele moet verkieslik handvervaardig wees.**
- Die beslissing van die komitee is finaal en geen debat sal daarvoor gevoer word nie.

- Kosstalletjies moet aan die plaaslike munisipaliteit se brand- en gesondheidsregulasies voldoen. Indien keuring toegestaan word sal laasgenoemde dokument aangeheg word saam met die goedkeuringsbrief.
- Kosstalletjies **moet** voorsiening maak vir verkoelings-toerusting vir bederfbare produkte.
- Die plaaslike brandweerhoof dring daarop aan dat **elke** stalletjie (Kos- en Kunsstalletjies) oor 'n brandblusser moet beskik. Dit is dus noodsaaklik om jou eie brandblusser saam te bring. Kunsstalletjies – Minimum 4,5Kg en kosstalletjies minimum 9 Kg.
- Kosstalletjies word beperk tot die spesifieke produkte wat aan hulle toegestaan en goedgekeur is.

4. BETALING: MOET ASSEBLIEF GEEN BETALING MAAK VOOR JY NIE DIE GOEDKEURINGSBRIEF ONTVANG HET NIE!!! JY MOET JOU FAKTUURNOMMER AS VERWYSING GEBRUIK WANNEER BETALING GEDOEN WORD.

Suksesvolle uitstallers **moet voor of op 3 Junie 2024 die VOLLE** verskuldigde bedrag in Innibos se bankrekening inbetaal. Probeer om die verskuldigde bedrag in paaiemente te betaal. Ons kan regtig geen laat betalings aanvaar nie. Die bankbesonderhede sal in jou bevestigings/goedkeuringsbrief aangedui word.

5. HANDELSURE: 10H00 – 20H00

Die fees open op Donderdag 27 Junie 2024 om 10H00.

Die verpligte daaglikse handelsure is 10H00 – 20H00 saans. Stalletjies **mag** handel dryf tot die feesterrein laat-nag (23H00) sluit maar mag **onder geen omstandighede** voor 20H00 saans sluit nie. Uitstallers kan daaglik vanaf 07H00 stalletjies voorberei. Geen voertuie sal vanaf Donderdag 27 Junie op die stalletjeterrein toegelaat word nie. (Meer inligting hieroor sal in die goedkeuringsbrief deurgegee word)

Geen uitstaller mag op Saterdag-aand oppak nie. Uitstallers mag van 06H00 Sondagoggend, 30 Junie 2024 hulle voertuie inbring en oppak. Geen voertuie sal op die feesterrein toegelaat word voor Sondag-oggend om 06H00 nie!!! Saterdag-aand is ons besigste aand en voertuie kan nie in die terrein toegelaat word nie.

6. SIGBARE LOGO'S

Die gebruik van die Innibos logo of naam op produkte is streng verbode sonder die goedkeuring van die Bemerkingsbestuurder. Aansoeke in die verband kan direk aan Sandra, die Bemerkingsbestuurder gerig word by 082 853 7885.

7. SEKURITEIT

Innibos verskaf voltydse sekuriteit maar kan nie aanspreeklikheid aanvaar vir **enige** verliese of skade nie. 'n Persoonlike wag vir u stalletjie kan met die amptelike Innibos sekuriteitsdiens gereël word vir u eie rekening. Skakel asseblief vir Werner in die verband. Sy nommer is 082 901 0812.

8. VERBLYF

Uitstallers is verantwoordelik vir hul eie reis- en verblyfreëlings. Vir hulp in dié verband skakel Alison by 082 460 3855 of besoek die webwerf, www.innibos.co.za.

Geen persone word toegelaat om op die terrein te oornag nie.

9. REGISTRASIE: **BAIE BAIE BAIE BELANGRIK!!!!!!**

Registrasie vir uitstallers vind plaas op Dinsdag, 25 Junie 2024 vanaf 11H00 tot 17H00 en op Woensdag, 26 Junie 2024 vanaf 08H00 tot 15H00 te Bergvlam Hoërskool (Feesterrein) Indien jy nie self kan registreer nie, moet jy asseblief iemand/medeuitstaller/vriend/vriendin/familielid vra om namens jou te registreer en jou toegangs- en parkeerkaartjies vir jou te gee.

By registrasie word die nodige registrasie/toegangsdokumente aan jou uitgereik. **Die fees skop af op 27 Junie 2024 en omdat die hekke die oggend van 27 Junie 2024 vanaf 06H00 gesluit is, kan geen uitstaller op Donderdag 27 Junie 2024 registreer nie!** Uitstallers wat nie op hierdie dae registreer nie, verbeur hul fooie/stalletjies en Innibos sal dit herverhuur.

10. ALGEMEEN

- Geen troeteldiere word by stalletjies toegelaat nie.
- Uitstallers is verantwoordelik vir die netheid van hul stalletjies.
- Innibos behou die reg voor om uitstallers te skors vir enige wangedrag, bv. geen harde musiek wat steurend kan wees word toegelaat nie.
- **Geen onderverhuring word toegelaat nie!**
- Alle stalletjies word van een 15amp kragpunt voorsien.
- Uitstallers is verantwoordelik daarvoor om hulle eie krag-verlengingskooorde te verskaf.
- Innibos aanvaar nie verantwoordelikheid vir produk(te) wat nie verkoop nie.

11. GROOTTE VAN KOS-STALLETJIES

Stalletjies wissel van grootte (beskikbaar op aanvraag) en word van geen raamwerk voorsien nie. Jy moet jou eie waentjie/tent/gazebo saambring. Elke stalletjie word van 'n 1 x 15amp kragpunt voorsien.

12. GROOTTE VAN TENTSTALLETJIES IN DIE BOSMOL (KUNSMARK)

Stalletjies is 3mx3m of 3mx4m groot en word van 2 meter hoë seil afskortings voorsien. Dit het geen dwarspype of grondbedekking nie. Die raamwerk dra slegs 30kg. Indien jy 'n waentjie saambring om jou produkte in te stoor – om dit vir jou gerieflik te maak voorsien ons parkering vir jou waentjie baie naby aan jou stalletjie.

13. TOEGANGSKAARTJIES

Uitstallers word van 2 toegangskaartjies en 1 parkeringspermit per dag voorsien. Vir ons kosstalletjies wissel die hoeveelheid toegangskaartjies na gelang van die grootte van die stalletjie.

IMMIGRASIE REËLS MET BETREKKING TOT FEESTE

- Alle Immigrante wat stalletjie-eienaars en werknemers is moet in besit wees van 'n werk / besigheid, of Asiel permit of bewys van permanente verblyf.

- Geen stalletjie-eienaar of werknemer mag op 'n besoekers (vakansie) permit werk nie soos gestipuleer in Artikel 11(2) van die Immigrasie Wet 13 van 2002. **(Die houer van 'n besoeker permit mag nie toegelaat word om te werk, tensy gemagtig deur die Direkteur-generaal in die voorgeskrewe wyse en onderworpe aan die voorgeskrewe vereistes en voorwaardes)**
- As 'n Immigrant by enige stalletjie gevind word sonder 'n werk of 'n Asiel permit, sal die **stalletjie eienaar / werkgewer** in hegtenis geneem en aangeklae word volgens Artikel 49 (3) van die Wet op Immigrasie **(Enigeen wat willens en wetens 'n onwettige vreemdeling of 'n Immigrant in diens het in oortreding van hierdie Wet oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar)**
- As 'n Immigrant by enige stalletjie gevind word sonder 'n werk of Asiel permit sal die hy/sy in hegtenis geneem, vervolg en gedeporteer word.

Baie sterkte met jou aansoek.

Epos asseblief die onderstaande aansoek met kleurfotos na alison@innibos.co.za.

**VOLTOOI ONDERSTAANDE
AANSOEKFORM ASSEBLIEF
DEEGLIK!**

LW: Moet asb. nie die voorwaardes en reëls gedeelte terugstuur nie.

AANSOEKVORM – 27 Junie tot 29 Junie 2024
InniBos Kunsmark & Kosstalletjies

Vir watter kategorie doen jy aansoek? Vul onderstaande asb. in drukskrif in.

1. Kunsmark en Visuele Kunste

2. Kosstalletjie

Maak asseblief seker dat u die reëls deurgelees het voordat u aansoek doen en voltooi asseblief in drukskrif.

Kontakpersoon:

Naam en van:	
Maatskappy:	
BTW Nr:	
Posadres:	
Dorp/Stad:	
Voorstad:	
Provinsie:	
Kode:	
Sel:	
E-Pos:	
Wanneer verjaar jy:	

JOU STALLETJIE INLIGTING

Handelsnaam:.....

Wat wil jy verkoop? Meld asseblief AL jou produkte!

- 1.
- 2.
- 3.
- 4.
- 5.
- 6.
- 7.

Beskryf jou produk(te) volledig. (sluit foto's in)

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Beskryf jou spyskaart volledig. (Kosstalletjie)

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Wat is die koswa/karavaan se presiese lengte, breedte en hoogte. **(Net indien jy kos verkoop uit 'n karavaan of koswa.)**

.....
.....
.....
.....

1. Hoe word die meerderheid van jou produkte vervaardig?			
Handvervaardig		Masjienvervaardig	Ingevoer
2. Benodig jy 'n tweede kragpunt			
Tweede kragpunt @ R500			
4. Oorweeg jy om die Innibos logo op jou handelsware te gebruik?			
Ja		Nee	

STALLETJIE PRYSE

Stalletjies in tente – BTW INGESLUIT			Merk
3m x 3m	Beligting en krag (1x15amp) ingesluit	R 4,200.00	
3m x 4m	Beligting en krag (1x15amp) ingesluit	R 4,595.00	
Prima stalletjies in tente – BTW INGESLUIT			
3m x 3m (Hoekstalletjie)	Beligting en krag (1x15amp) ingesluit	R 4,428.00	
3m x 3m (Prima Hoekstalletjie)	Beligting en krag (1x15amp) ingesluit	R 4,550.00	
Kosstalletjies (teerpad en elders)			Merk
Kosstalletjie (verskillende groottes)	1x15 amp kragpunt ingesluit. Addisionele krag 1x 15amp @ R 500.00 (Geen 3-fase krag beskikbaar nie!!)	Beskikbaar op aanvraag – wissel na gelang van grootte en ligging.	

ALGEMENE INLIGTING

1. Maak seker dat jy al die vrae ingevul het.
2. Sluitingsdatum vir inskrywings: NVT (Doen asseblief vroeg aansoek!!)
3. Navrae kan gedurende kantoorure gerig word aan: Alison 082 460 3855
4. Stuur aansoekvorms aan: alison@innibos.co.za.
5. Suksesvolle aansoekers sal deurlopend in kennis gestel word.
6. Webtuiste: www.innibos.co.za

Aansoeke open	1 Januarie 2024
Sluitingsdatum	NVT
Verwittiging	Deurlopend

KONTRAK

Ek aanvaar al die voorwaardes wat in hierdie dokument vervat is.

Geteken	Naam en Van (in drukskrif)	Datum